

## Sondag 2 Julie

**Skrifgedeelte: Matteus 5:13-20**

**Fokusgedeelte: Matteus 5:16**

### Wees sout en lig, tot God se eer

Sout gee beide smaak en keer verrotting. Op dieselfde manier is dissipels van Jesus veronderstel om ‘n positiewe invloed op die wêreld te hê. Dit is Christene wat aan die wêreld moet wys hoe ware vrede te vinde is en hoe om só te leef dat hierdie wêreld nie verrot en te gronde gaan vanweë onreg en goddeloosheid nie.

Lig het weer die uitwerking dat dit iets sigbaar maak. As iets in die donker was en dit word belig, dan kan almal dit waarneem. Op dieselfde wyse moet dissipels iets sigbaar maak. Watter “iets”? Eenvoudig: God in en deur Jesus Christus.

In vers 17 sê Jesus dat Hy nie die wet “afskaf” (BDV) nie, maar “vervul” of “sy volle betekenis” (1983-vertaling) kom gee. In Johan-nes 13:34 sê Jesus egter: “Ek gee julle ‘n nuwe gebod ...” Dit is die ou wet, maar met ‘n nuwe perspektief: “... julle moet mekaar liefhê. Soos Ek julle liefhet, moet julle mekaar ook liefhê.” En dit is wat dissipels aan die lig moet bring: Jesus se liefde! Dit is Jesus se liefde wat smaak gee aan die lewe en keer dat die wêreld vrot word!

Meeste gelowiges weet dat ons hiertoe geroep is. Is dit egter nie verskriklik moeilik om te doen nie? Ja, meeste van ons sukkel nogal hiermee! In Nehemia 3 lees ons van die muur rondom Jerusalem wat ná Juda se terugkeer uit bal-lingskap herbou is. Elke familie het die muur rég voor sy huis gebou. As mens dink aan “sout” en “lig” wees, lyk dit soms onuitvoerbaar. Maar as ons elkeen rég voor ons sout gooi, rég voor ons lig maak, doen elkeen sy deel en bring ons ’n verandering in hierdie wêreld te weeg.

*Dink vandag hieroor:* Die Roomse Kerk het gedink die wêreld is só korrup dat dit beter is om in kloosters te gaan wegkruip. Dissipels is egter geroep om uit te beweeg. Doen ons dit? Ons, die kerk in Suid-Afrika?

*Bid vandag hieroor:* Gee my krag en moed om sout en lig te wees, o Here!

*Sing: Skrifberyming 14-1:1*

*Dr. AJ (Braam) Krüger (Benoni)*